



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Departement van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjhabela: Lefapha la Thuto

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

SEPTEMBER 2026

RELIGIESTUDIES V2

PUNTE: 150

TYD: 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Lees die instruksies noukeurig deur voordat die vrae beantwoord word.
2. Hierdie vraestel bestaan uit VYF vrae.
3. Beantwoord enige DRIE van die vyf vrae.
4. Begin elke vraag op 'n NUWE bladsy.
5. Lees AL die vrae noukeurig deur voordat jy dit beantwoord.
6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
7. Die lengte van die antwoorde moet ooreenstem met die punte wat vir elke vraag toegeken is.
8. Skryf netjies en leesbaar.

VRAAG 1

- 1.1 Lees die uittreksel oor misdaad en korrupsie in Suid-Afrika hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Volgens die Globale Vredesindeks is Suid-Afrika as die tiende onveiligste plek ter wêreld aangewys. Hierdie indeks skat ook dat misdaad en korrupsie soveel as 19% van die land se BBP verbruik. Dit beteken dat die Suid-Afrikaanse regering byna 67 miljard Amerikaanse dollar per jaar moet spandeer om misdaad en korrupsie te beperk.

[Aangepas uit South African corruption Index-2022 Report:]

- 1.1.1 Verduidelik, in jou eie woorde, die verband tussen misdaad en korrupsie. (6)
- 1.1.2 Gee VYF moontlike redes waarom daar 'n hoë vlak van korrupsie in die openbare sektor is. (10)
- 1.1.3 Met verwysing na enige EEN godsdienst wat jy bestudeer het, bespreek die leringe daarvan rakende misdaad en korrupsie. (10)
- 1.1.4 Hoe beïnvloed misdaad en korrupsie dienslewering in ons gemeenskappe? (12)
- 1.1.5 Bespreek die praktiese strategieë of stappe wat godsdienstige organisasies kan neem om misdaad en korrupsie in Suid-Afrika aan te spreek. (12)

[50]

VRAAG 2

2.1 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Elke godsdienst het nie-onderhandelbare oortuigings wat gebonde is aan verskille in leringe, praktyke en bestuur.

[Aangepas uit *Religion Studies Grade 12*, H.C. Steyn]

Met verwysing na enige EEN godsdienst wat jy bestudeer het, beantwoord die volgende vrae:

- 2.1.1 Noem TWEE vertakings van hierdie godsdienst. (4)
 - 2.1.2 Vergelyk die verskille in die leringe van elke tak. (12)
 - 2.1.3 Vergelyk die verskil in bestuur van elke tak. (12)
 - 2.2 Analyseer die negatiewe gevolge van interne verskille. (12)
 - 2.3 Bespreek die belangrikheid van heilige teks in godsdienst. (10)
- [50]**

VRAAG 3

3.1 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Alle religie het 'n stel leringe oor die aard van die mensdom, die wêreld, die goddelike, die skepping en dele van ons lewens.

[Bron: *Shutters Top Klas Graad 12*, bladsy 88]

Met verwysing na enige EEN godsdiens wat jy bestudeer het, bespreek die sentrale leringe daarvan onder volgende opskrifte:

- 3.1.1 Die plek en verantwoordelikheid van die mensdom in die wêreld (10)
 - 3.1.2 Die oorsprong en die rol van die bose (10)
 - 3.1.3 Die oorwinning van die bose (10)
 - 3.2 Verduidelik die verband tussen normatiewe bronne en inspirasie. (8)
 - 3.3 Noem en verduidelik DRIE hermeneutiese beginsels. (12)
- [50]**

VRAAG 4

4.1 Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

Intergeloofsamewerking kan wees, behoort te wees, was en is in sommige gevalle steeds 'n positiewe ding. Die probleme en bekommernisse wat ontstaan, kan nie deur enige een nasionale of godsdienstige groep hanteer word nie. Godsdienstige organisasies werk nou saam in Suid-Afrika en in die hele Afrika. Hierdie organisasies is gestig om te probeer om hartlike verhoudings tussen godsdienste in Afrika te ontwikkel. Een daarvan is Interfaith Action for Peace in Africa (IFAPA).

[Aangepas uit Shuters Top Class Religion Studies, Grade 12]

Bespreek IFAPA onder die volgende opskrifte:

- 4.1.1 Die doel van IFAPA (10)
 - 4.1.2 Die prestasies van IFAPA (12)
 - 4.2 Die Nasionale Godsdiensleiersforum (NGLF) is 'n intergeloofsorganisasie in Suid-Afrika.
 - 4.2.1 Verduidelik die historiese agtergrond van die NGLF. (10)
 - 4.2.2 Sou jy sê dat die NGLF sy doel bereik?
Gee redes vir jou antwoord. (10)
 - 4.3 Bespreek die vergelyking tussen humanisme en materialisme. (8)
- [50]**

VRAAG 5

5.1 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Religiee het nog altyd verduidelikings gebied rakende die skepping en die status van die mensdom. In die laaste vier eeue het die wetenskap egter begin om verskillende antwoorde op hierdie vrae te bied.

[Bron: *Religion Studies, Grade 12*, HC Steyn]

- | | | |
|-------|--|-------------|
| 5.1.1 | Verduidelik Darwin se evolusieleer. | (12) |
| 5.1.2 | Kies EEN van die godsdienste wat jy bestudeer het en bespreek die reaksie daarvan op die evolusieleer. | (12) |
| 5.1.3 | Volgens die Oerknalteorie, hoe het die wêreld ontstaan? | (12) |
| 5.1.4 | Verduidelik waarom Taoïsme geen probleem met die Oerknalteorie het nie. | (14) |
| | | [50] |

TOTAAL: 150